Pastorale brief

Junie 2020

Aan die gemeentes in die Noordelike Sinode

Ons as moderatuur het in die afgelope tyd die voorreg gehad om virtueel met al sewentien ringe in die Noordelike Sinode se ringskommissies te gesels. Ons het telkens vir ŉ uur lank op ons skerms met mekaar gekuier en daardeur het ons ŉ beperkte, dog verrykende blik gekry op dit wat sedert die begin van die Covid-19 pandemie in die 112 gemeentes van die Noordelike Sinode gebeur het.

Dit laat ons met besondere waardering vir hoe gemeentes o.l.v. hulle predikante, die geleenthede, maar ook die uitdagings, aangegryp het. Ons is egter ook diep bewus daarvan dat talle gemeentes en predikante in hierdie tyd baie swaar kry en dat die onsekerheid oor die toekoms al hoe meer sy tol begin eis.

Tydens hierdie gesprekke het die moderatuur van verskeie dinge bewus geword en wil veral die volgende uitlig:

- Die huidige omstandighede is geweldig uitdagend en die toekoms uiters onseker. Besluite oor hoe om dit te hanteer, moet dalk eerder korttermyn besluite wees wat gereeld herbesoek word.
- Predikante het oor die algemeen daarin geslaag om baie gou en effektief hulle mense geestelik te versorg d.m.v. virtuele eredienste en aanlyn pastoraat.
- Die materiële nood van mense het gemeentes as't ware gedwing om sonder huiwering betrokke te raak by die gemeenskap, deur om te sien na behoeftiges. Talle kreatiewe hulpverleningsprojekte het in hierdie tyd ontstaan.
- Baie gemeentes is tans onder groot finansiële druk. Te midde van die persoonlike omstandighede van lidmate, is daar groot dankbaarheid vir elkeen wat steeds bydra. Alhoewel dit lyk of die meeste gemeentes tog op een of ander manier kop bo water hou, bestaan daar groot onsekerheid oor die pad vorentoe.
- Daar is baie uitdagings, o.a. sommige lidmate se tekort aan data, swak selfoonontvangs, onbevredigende pastorale sorg aan lidmate omdat hulle nie fisies bymekaar kan wees nie, begrafnisse, troues en hospitaalbesoek.
- Die gevaar bestaan dat gemeentes onbewustelik met mekaar kan kompeteer oor wie die beste virtuele eredienste hou of die slimste planne maak. Daarenteen bied die diversiteit van die Noordelike Sinode juis die geleentheid om mekaar te help met die kennis en vaardighede wat in ons sinodale gebied beskikbaar is.

In die lig van die voorafgaande is ons baie dankbaar vir die erkenning wat die staat in sy onlangse aankondigings gegee het aan die besondere rol wat die kerk in hierdie pandemietyd te speel het. Ons is verder dankbaar dat predikante nou as noodsaaklike werkers gesien word en dat die moontlikheid bestaan dat gemeentes, met al die beperkinge daaraan verbonde, nou eredienste sou kon hou.

Ons is egter ook diep bewus daarvan dat die besluite rondom eredienste met die grootste omsigtigheid geneem sal moet word en dat dit daarom ook van plek tot plek sal verskil. Ons as familie sal vir elke kerkraad die ruimte moet gee om ooreenkomsig hulle eie konteks, die beste belang van almal te soek. Dit is egter ook belangrik om te onthou dat die kerk nie in die afgelope tyd toe was nie. Ons kon dalk nie die gebou gebruik nie, maar die kerk was in meeste gevalle meer oop teenoor die wêreld, as dikwels vantevore.

Die moderatuur wil daarteen waak om gedurende hierdie pandemietyd nie goedkoop teologiese antwoorde vir die omstandighede te probeer gee nie. Daarmee saam wil ons ook waak teen uitsprake oor sake wat nie op ons terrein lê nie.

Verder wil die moderatuur in hulle hoedanigheid as dagbestuur van die Noordelike Sinode se Sinodale Diensraad (SDR), in nederige afhanklikheid van die Here, hulle bes doen om gemeentes te bly ondersteun. Ons wil daarom op die volgende fokus:

- Effektiewe kommunikasie;
- Finansiële ondersteuning van gemeentes;
- Doelbewuste aksies om mekaar te help om sinvol kerk te wees in hierdie tyd;
- Gereelde voorbidding.

Ons sal op die pad vorentoe meer detail oor relevante sake gee.

Die Noordelike Sinode se roepingsverklaring is: “Bring hoop, maak ’n verskil”. Ons wil almal wat deel is van die Noordelike Sinode-familie oproep om in hierdie ongekende omstandighede, hierdie roeping met nuwe toewyding uit te leef. Dalk help dit ons om in hierdie onseker vaarwaters, die woorde van Psalm 94 vers 18 en 19 gereeld in herinnering te roep:

Toe ek gedink het my voete gly, het u troue liefde my regop gehou, Here.
Toe ek met baie onrus in my binneste sit, het u vertroosting my tot rus gebring.

Groete,

Moderatuur